**Deur die deur na 2019**

https://www.pressreader.com/south-africa/beeld/20181229/281917364200244

Die mens het behoefte aan beheer. Wat ek nie kan beheer nie word besweer. Sommige dinge het ons goed onder beheer, maar ander is weer moeiliker om vas te vat. Een iets wat, net soos ons dink ons het hom nou, aanhou om soos ’n seepbel met ’n klein sproei voor ons oë te plof en te verdwyn, is tyd. Soos Augustinus tereg opgemerk het: ‘As jy my vra wat tyd is, dan weet ek nie, en as jy my nie vra nie, dan weet ek.’ Desnieteenstaande doen ons ons bes met dagboeke en agendas en kalenders om tyd te beheer en kan ons darem so plus-minus deur die jaar kom. Tog is daar sekere tye wat die mensdom deur die eeue al treiter, tye wat ons klassifikasiesisteme en dus ons beheer ontglip. Wat ons nie kan klassifiseer en beheer nie maak ons ongemaklik en daarom doen mense dinge en vertel ons stories sodat dit darem voel asof ons beheer het.

Dink maar aan middernag – daardie onvasvatbare tyd sonder syfers: 00:00. Dis die tyd wanneer die hekse vlieg. Dis die tyd wanneer Aspoestertjie reeds tuis moet wees, of...! Dis die oorgangstyd wat nóg vandag nóg môre is. Of dink aan die viering van Halloween wat saamval met Alleheiliges en die gepaardgaande liturgieë van die kerk, die tyd wanneer die dooies gedenk word net voordat nog ’n lang donker en koue lewensbedreigende winter in die noordelike halfrond ingegaan word. Daar is ook allerlei gebruike rondom die eweninge en konstruksies wat so gebou is dat die son op daardie (onheilspellende) tydstip daardeur skyn. In ons eie konteks dink ek is Ou- en Nuwejaar so ’n vreemde tyd. Die Oujaar is een ding, agter 2018 kan ek ’n regmerkie plaas en die laaste bladsy van my skeurkalender verwyder, maar die Nuwejaar is een groot onvoorspelbaarheid. Mense beleef dit ook hierdie tyd van die jaar. Met die oorgang tussen maande soos April en Mei of tussen September en Oktober het min mense diep begin nadink, maar die oorgang tussen Desember en Januarie maak heelparty van ons effens kriewelrig en laat ons afkyk na ons glas skoentjies

Desembermaand kry sy naam sommer net van die syfer 10, want dit was oorspronklik *decem*, die tiende maand en het eers later die twaalfde maand geword. Januarie ontleen egter sy naam in die eerste instansie van die Latynse woord *ianua* wat ‘deur’ beteken. Ja, ook dalk die Janus-kop wat vorentoe én agtertoe kyk, maar etimologies is daar goeie gronde vir die ‘deur’ na die jaar. In sy klassieke werk *The Rites of Passage* wys die Franse antropoloog Arnold van Gennep op die vele rituele wat saamhang met deure, veral om deur ’n deur van ’n huis te gaan en sodoende ’n huis vir die eerste maal te betree. Agter die deur lê die nuwe wat ook die vreemde is. Sommige kerke het ’n bakkie water by die deur waaraan gevat word wanneer jy in- of uitstap. In die ou dae het sommige mense hoefysters bokant die deure van ’n nuwe huis gemonteer om die bose weg te hou. Daar is wêreldwyd gebruike wat in verband met deure, drumpels en kosyne staan, soos bloed wat aan die kosyn gesmeer is, ’n basilietakkie wat bokant die deur gehang word, ’n Adventskrans wat gehang word of kruise wat deesdae naby voordeure van huise opgesit word. Die bekendste moderne voorbeeld van ’n gebruik wat saamhang met die oopmaak van die deur van ’n nuwe huis is die hou van ’n ‘house warming’.

Soos wat daar gebruike is wat in verband staan met die oopmaak van die deur van ’n huis en ’n (versigtige) betreding daarvan, so is daar ook gebruike wat saamhang met die betreding van die Nuwejaar en die ooptrek van daardie *ianua*. In die verlede (en steeds op sommige plekke) is ’n middernagdiens in kerke gehou. En dikwels is die name van diegene wat die afgelope jaar oorlede is ook gelees tydens daardie diens. Ander hou weer ’n partytjie en regoor die land word kurke en vuurwerke geskiet op daardie geheimsinnige tyd wanneer die deur van 2019 vir die eerste keer op ’n skrefie oopgestoot word. Daar is byvoorbeeld ’n kerk in die Oos-Kaap waar al die lidmate tydens Ou- en Nuwejaar na die nabygeleë riviertjie gaan. As deel van ’n kerkdiens wat by die rivier gehou word,

spring almal in die rivier. Die plaaslike priester verduidelik die gebruik soos volg: “Daar in die rivier was ons al die bekommernisse van die Oujaar af en begin nuut vir die Nuwejaar”.

Nou ja, 2018 is verby en ons staan voor die deur van 2019. Ons het geen beheer oor wat gaan gebeur nie en ons weet nie wat daar vir ons in die nuwe jaar wag nie. Daarom gaan die meeste mense op hulle eie wyse die onbekende wat agter die voordeur van 2019 vir hulle wag, besweer. Dis doen elkeen op ’n wyse wat vir hom of haar sinvol is: braai, dans, bid, sing (Auld Lang Syne), na ’n vuurwerkvertoning gaan, of kurke trek of skiet.

Ek hou nogal van die rivier-ritueel, maar dis ook nou nie asof almal toegang tot ’n rivier het nie, so hier is my voorstel vir ’n viering: Wanneer jy hoor hoe die mense begin om die laaste sekondes af te tel, jy opnuut ’n beklemming kry oor wat agter daardie *ianua* wag en jy nie ’n rivier byderhand het nie, dan draai jy die bad se krane oop. Gaan lê in ’n lekker skuimbad (nie te diep as jy in Kaapstad woon of vakansie hou nie) met ’n fluit vol vonkel in die hand. Wanneer jy voel dat jy ordentlik ontspan het en die lawaai van al die partytjies begin taan, kry die badpropkettinkie met jou toon beet, trek die prop uit, lig die fluit en sê: “Cheers 2018!”

Eers lê jy net en kyk hoe 2018 saam met die vuil badwater wegvloei, dan klim jy uit en loop met die handdoek om jou lyf na jou boekrak (of soek op die internet), en lees Sheila Cussons se gedig waar sy, nes ek en jy hier op die Oujaar, voor ’n deur gaan staan. Daar waar sy skryf sy soek na “die huis van ’n timmerman” en “die tafel, die eenvoudig gedekte.” Jou oë gaan verder deur die versreëls en jy lees en soek saam met haar na die deur totdat sy, en jy saam met haar, voor ’n bekende deur gaan staan: “Toe draai ek en ek vind verstom/ ek het voor my eie deur gekom:/ my huis is Hare, my huis is Syne!”

Inderdaad, ook die *ianua* van 2019 is die deur na die huis van die timmerman, en daardie huis is ook jóú huis. Onthou daardie badprop, los 2018, draai die handvatsel van 2019 en gaan deur die deur. Jy is nie die eerste om deur die deur van 2019 te gaan nie.

Cas Wepener